# Gereformeerde Kerk Pietersburg

Die Basuin

**04 Februarie 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

**OGGEND EREDIENS** **ds. Sarel Venter**
**Skriflesing** **Psalm 111**
**Tema** **Het God 'n vervaldatum?**

| | |
|---|---|
| Vooraf: | Lied 184: 1,3 |
| Lof: | Psalm 47: 1,4 |
| Na belydenis: | Psalm 45: 1, 6 |
| Na wet: | Psalm 2: 1, 6 (2de melodie) |
| Na gebed: | Lied 203: 1, 2, 3 |
| Na dankoffer: | Skrifberyming 5-4: 1, 5, 6 |

Alles moet deesdae opgegradeer en opdateer word. Dit werk deur na ons hele lewe. Ons vervang motors, badkamers, kombuise, klere, fone, rekenaars en selfs lewensmaats. Daarom roep die Here ons om weer te hoor: Ek is ewig, vertrou My. Die goeie in die lewe is dat ons God se opdragte uitvoer. Psalm 111 is 'n eenvoudige lied met 'n ewige boodskap: God se liefde en verbondstrou verdwyn nooit. In Jesus Christus se offer het God dit bevestig. Die Heilige Gees bevestig vandag dat God en Sy Woord nie 'n vervaldatum het nie. Verdiep jou in God se Woord en die Gees tel jou op om vanuit hemelse perspektief na ons aarde te kyk.

**AAND EREDIENS** **ds. Retief Gouws**
**Skriflesing** **Markus 12:28-34 [29-31]**
**Tema** **God se liefde bring gehoorsame liefde**

Psalm 33: 1, 2 & 6 [157]
Psalm 19: 5 [82]
Psalm 119: 6 & 7 [585]

Verstaan ons werklik dat die Here se Wet nie maar net 'n klomp reël is wat ons moet nakom nie? Hoe wonderlik as ons die Godsopenbaring daarin sien! Dit begin met die evangelieboodskap van verlossing en die Here se goedheid! In sy liefde bring Hy nie net redding nie, maar lei Hy ons op die pad van vrede. Laat ons liefde vir God daarom ook oorgaan in gehoorsame dade wat Hom eer vir wie Hy is.

- **Katkisasie**

  Die katkisasie het reeds verlede week begin. Al die jongmense moet asseblief ***in die konsistorie bymekaar kom*** vir die opening. Ons sal vir diegene wat nog nie weet wie hul kategeet is nie mooi wys. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lessies.

  Al die ***hoërskool*** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie. Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds. Retief.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **04 Feb. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Teologiese studentekas |
| 05 Feb. | **18:00** | Diakonievergadering | |
| 09 Feb. | **18:00** | GTA byeenkoms | |

- **Konsistoriediensbeurt 04/02/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **B1 Stadion** | **Katkisasie:** | Gr. 1 |
| **Ouderling:** | Douw Venter | **Diaken:** | Francois Pretorius |

- **Oog vir mekaar**
  - Jan en Sheila Cloete het oupa- en oumagroot geword.
  - Martin Erasmus gaan Donderdag, 8 Februarie 2018 vir 'n skoueroperasie in PTA.
  - Ons bid vir en saam met die volgende lidmate wat behandeling ondergaan:
    - Johnny O'Reilly wat chemoterapie ondergaan het.
    - André Bakker wat bestraling ontvang.
    - Piet Fourie wat in remissie is.
    - Lida Borman wat weer by die dokter was en weer behandeling moet ontvang.
    - Santjie Bester wat ook weer siek is.

- **<u>Attestaat ontvang</u>**

  Geen.

- **<u>Attestaat uit</u>**

  Br. Dupie Jongbloed na GK Magalakwin Dendron.

- **<u>Opgeneem in Gereformeerde Kerk</u>**

  Geen.

- **<u>Vertrek sonder attestaat</u>**

  Geen.

- **<u>Nuwe lidmate</u>**

  Geen.

- **<u>Algemeen</u>**

- **<u>Potgietersrus-Wes vergadering</u>**

  Ds. Retief sal DV Woensdagmiddag en -aand uitstedig wees om die kerkraadsvergadering van GK Potgietersrus-Wes te gaan lei as konsulent.

- **<u>Silwerdoppers</u>**

  Silwerdoppers moet lees: Rigters 4 tot 8 vir die Bybelvasvrae

- **<u>Psalmboektoepassing vir selfone en tablette</u>**

  Deputate Gereformeerde Publikasies het ons Psalmboektoepassing intussen laat opgradeer. Laai gerus gratis af vir almal wat Android en Apple slimfone of tablette het. Die toepassing se naam is: **GKSA Psalms**. Stel dit asb. weer bekend in die gemeentes. Die toepassing se nuwe soekfunksie is van besondere waarde.

  Daar is sommige wat probleme ondervind met die Android weergawe, laat weet my asb. per e-pos watter probleme jy ondervind by <u>ronald.bain@me.com</u>, sodat ek dit kan aanstuur na Bybelmedia.

  Daar word fluks gevorder met die herset en samestelling van die teks van die groen Psalmboek. Dis nou in 'n proses van proeflees en sodra die finale teks beskikbaar is om te druk sal ons voortgaan om ook 'n toepassing vir die groen boek te ontwikkel. Daar is ongelukkig nie 'n tydsraamwerk beskikbaar nie, maar ons hou goeie moed dat ons dit in die tweede gedeelte van die jaar beskikbaar sal kan maak.

- **Uitnodigings**

**NB!! - Neem asseblief kennis dat die datums met 1 week aangeskuif het.**

**MANNE KAMP:**
**DV VRYDAG, 16 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) VAN 18:00**

Al die manne van 2 tot 100 word uitgenooi om vir die aand te kom kamp op die kerk se terrein.

Daar gaan lekker gebraai en gekuier word. Op die "program" is kampvuurstories en nog vele meer!

**DIE KAMP is net vir die MANNE! GEEN dames nie (Ma's, Oumas, Tannies, Niggies of Sussies)**.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.
**Ons sien jou daar!**

**DAMESOGGEND:**
**DV SATERDAG, 17 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) OM 8:30**

Dit is nie net die manne wat lekker dinge gaan doen nie, Saterdagoggend is dit die "dames" – *jonk in jare en jonk van gees* se beurt.

'n Hele paar verrassings word beplan en ons gaan kuier soos net die "dames" kan.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.

**Ons sien jou daar!**

- **Susters**
- Teeskinkbeurte

| | |
|---|---|
| 04 Februarie: | Rioni Combrink<br>Martie Maritz<br>Annemarie Bakker<br>Candace van der Walt |
| 11 Februarie: | Lynne O'Reilly<br>Ina Hamman<br>Janine Bernhardi<br>Lida Bornman |

- **Beroepenuus**

**BEROEPE ONTVANG**

- Ds C Jooste (Christiaan) van Waterberg na Brits.
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort.

- **Bybelstudie**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:00 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

- **Plasings in die Basuin**

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

***Verjaardae***

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. – 04 Feb. | Christine de Lange | B | 076 329 6563 |
| | Cobus Dreyer | B | 072 544 5234 |
| | Berrie van der Walt | B | 078 025 2045 |
| | Elzje van der Walt | B | 082 802 6942 |
| | ds. Sarel Venter | B | 082 809 0222 |
| Ma. – 05 Feb. | Esther Borman | B | 082 963 9239 |
| | Jané de Witt | D | 084 209 4220 |
| | Rienie Oosthuizen | B | 082 676 3235 |
| | André van Wyk | B | 071 354 3660 |
| Di. – 06 Feb. | Janine Bernhardi | B | 082 083 2082 |
| Wo. – 07 Feb. | Cassie Carstens | B | 081 354 3400 |
| | Kiewiet du Rand | B | 082 882 7975 |
| | Henno van der Walt | B | 078 712 2200 |
| Do. – 08 Feb. | Gustaf de Beer | B | 079 880 4347 |
| Vr. – 09 Feb. | Xander Weidemann | D | 082 610 0623 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 05 Feb. 1994 | Danie en Linamari Slabbert | 24 | 082 557 8705/082 684 5145 |
| 08 Feb. 1969 | Louis en Gerda Marx | 49 | 072 620 3404/079 510 8209 |
| 09 Feb. 1980 | André en Hannatjie van Wyk | 38 | 071 354 3660/074 107 8035 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
**Tydelike koster:**
Cassie Carstens
081 354 3400

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Lynda Both<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | gkerkpburgsuid@telkomsa.net |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |